


Die Hervormer

Amptelike mondstuk van die
Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika



September 2013



Stad op 'n berg

Lees binne...

- Kerk en die toekoms – 1
- Stryd en geloof – 3
- Die TKR vorentoe – 4
- Doel van die tweedag-werksessie – 6

In hierdie uitgawe

- Bl 1 Kerk en die toekoms (Prof Johan Buitendag)
- Bl 2 **Van die redakteur, dr André Ungerer**
'n Stad op 'n berg
- Bl 3 **Aktuele sake**
Stryd en geloof (Dr Christo Pretorius)
Afrika die kontinent met die meeste Bybels
- Bl 4 **Kerkwêreld**
Die Tussenkerklike Raad vorentoe (Ds Leon Geel)
Namibiër in hoë posisie verkies
- Bl 5 **Kerkwerf**
Unieke nalatenskap en 'n unieke onderskeiding (Dr Daan van Wyk sr)
Van der Hoff ontvang hul eie vaatjie (Nastasia Vosloo)
- Ble 6-7 **70ste AKV**
Die doel van die tweedag-werksessie (Dr Frikkie Labuschagne)
Doop van kinders uit saamwoonverhoudings (Ds David Barnard)
Hartseer... nogtans (Dr Daan van Wyk sr)
Spesiale uitgawes van die *THT*
- Agterblad **Oordenking**
'n Toegewyde lewe (Dr Wimpie van Schoor)

'n Stad op 'n berg

Dr André Ungerer, redakteur, skryf oor die komende Algemene Kerkvergadering. Die beplande tweedag-werksessie is 'n nuutjie vir die Hervormde Kerk. In die verlede het dit soms bars gegaan om deur die gewone agenda te werk, en vanjaar het ons twee dae minder vir die agenda. Wanneer 'n mens meer indringend na die agenda kyk, wil dit tog lyk of dit 'n haalbare skedule is. Daar is nie juis nuwe kontroversiële sake nie en die Kommissie se bedoeling is dat die tweedag-werksessie 'n ideale geleentheid sal bied om die bestaande knelpunte deeglik te bespreek.

Wat wel 'n groot pluspunt is, is die inrigting van die werksessie wat aan almal op 'n manier 'n stem gaan gee. Min afgevaardigdes het in die verlede die moed gehad om voor 'n groot klomp mense 'n mening te lug. Die grootte van die kleingroepe (ongeveer 50 groepe met 'n maksimum van 12 lede) is ideaal vir goeie gesprekvoering. Dit gaan net 'n geweldige uitdaging wees om al die uitkomste te verwerk en uiteindelik in 'n sinvolle geheel daar te stel.

Hierdie inisiatief van die Kommissie behoort die steun van die Kerk te geniet omdat die voordele enige moontlike nadele sal oorskadu. Ons het nodig om met mekaar te praat en om gehoor te word. Die tweedag-werksessie gaan 'n persoonlike dimensie aan die gesprek verleen, terwyl daar hopelik in die proses ook groter heling gaan plaasvind.

Dit is vanselfsprekend dat die Kerk voorbidding sal doen vir die 70ste Algemene Kerkvergadering. Voorbidding kan 'n ryke geskakeerdheid inhou. Daar kan gepleit word vir nederige verootmoediging, liefdevolle en verdraagsame deelname, eerlike en suiwer motiewe tydens standpuntname, opregte soeke na God se wil vir die Kerk, deeglike besluitneming, gelowiges wat in vrede vergader het, en 'n onuitspreeklike dankbaarheid wanneer op die gebeure teruggekyk word!

Die redaksie van *Die Hervormer* het besluit om van die vorige voorsitters van die AKV te nader om hul mening oor die Kerk se pad vorentoe te skets. In hierdie uitgawe is prof Johan Buitendag aan die woord. Dr Frikkie Labuschagne verduidelik hoe die tweedag-werksessie ingerig gaan word, en ds David Barnard fokus op die verslag wat vir die 71ste AKV voorberei word oor saamwoonverhoudings en die doop al dan nie van kinders gebore uit sodanige verhoudings.

Kerk en die toekoms

Prof Johan Buitendag skryf dat kerkwees eerstens vir hom erediens is. Ware erediens is nie net 'plek-plek' soos 'n reënbui nie. Dit is 'n erediens van die lewe en 'n liturgie van die kosmos waarvan die grense hemel en aarde omhels.

Tweedens is kerkwees die georganiseerde aktiwiteite van die gelowiges. Uitkringende energie is die kenmerk van die kerkwees of, soos Matteus dit stel, die sout van die aarde, die lamp op die tafel, die stad op die berg.

Derdens is kerkwees die betrokkenheid by bloedfamilie – die bloed van Christus en dus kerke op ander plekke en met ook ander belydenisskrifte. Deur samewerking word die eenheid van die kerk as liggaam van Christus gebou. Soos Paulus dit stel, dit is die één Gees van die één Here wat die krag agter en die motivering van hierdie werking is.

Laastens is kerkwees 'n publieke saak. Dit beteken nie net dat kerkwees ook elders as in die gemeente plaasvind soos byvoorbeeld op die markplein nie, maar (en dalk veral) dat kerkwees rondom 'n ronde tafel gebeur: daar waar gepraat en geluister word; waar elkeen tegelyk 'n leerder en 'n leraar is.

Die Kerk moet erns maak met die werklikhede van die tyd. Teologiese vorming moet gelowiges in staat stel om die kerk van die toekoms te bedien, nie die kerk van die verlede nie. Daarom kan dit nie anders nie as dat die Kerk aan die evangeliese eis sal gehoor gee en haar roeping in Suid-Afrika, Afrika en die wêreld sal bepaal sonder om haar karakter as Christus belydende kerk ooit te kompromitteer. Seker van die evangelie, kan die Kerk die onsekere toekoms tegemoetgaan. Mag ons egter daarvan behoed word om die uitdagings van die tyd te systap en in die verlede ons heil te soek.

Die doel van die tweedag-werksessie

Dr Frikkie Labuschagne verduidelik dat die beplande tweedag-werksessie tydens die 70ste Algemene Kerkvergadering ten doel het om gesprek oor kerkwees te stimuleer in die hoop dat die afgevaardigdes met betrekking tot bepaalde gesprekspunte konsensus kan vind.

Die tweedag-werksessie vind onmiddellik na die openingsgeleentheid op Maandag 23 September en Dinsdag 24 September plaas. Die veronderstelling is dat elke afgevaardigde dit sal waag om vanuit sy of haar unieke posisie binne die NHKA wêreld met mekaar te begin deel. Dit vra derhalwe in die taal van Paulus dat ons liefde vir mekaar *al hoe meer sal toeneem in begrip en fyn aanvoeling, sodat julle die dinge sal kan onderskei waarop dit werklik aankom* (Fil 1: 9-10^a).

Dit is vanweë verskeie redes en tendense nodig dat elke lidmaat en predikant van die Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika prinsipieel en prakties saam besin oor kerkwees en die pad vorentoe. Dit is kritiek belangrik dat hierdie gesprek insluitend en deursigtig gebeur, en derhalwe is elke afgevaardigde se mening en bydrae van onskatbare waarde. Na 'n intense debat oor verskeie sake die afgelope 24 maande en baie seer daarop, is dit verder nodig om die onderlinge verbintenisse en vertroue binne die NHKA te herstel sodat ons ons gemeenskaplike roeping behoorlik kan vervul.

Doop van kinders uit saamwoonverhoudings

Ds David Barnard skryf dat die Raad vir Pastoraat en Presbiteraat van die vorige AKV die opdrag ontvang het om studiemateriaal saam te stel oor saamwoonverhoudings en die doop al dan nie van kinders gebore uit sodanige verhoudings. Die verslag sal by die 71ste AKV dien. Die studiemateriaal wat reeds ter tafel is, kan nietemin reeds by die 70ste AKV tot 'n lewendige debat lei.

'n Minder rigiede en veroordelende benadering word gevra. Dit blyk duidelik uit hierdie stukke dat die Kerk tog reeds verdraagsaam jeens saamwoonvennote is en dat saamwoon buite die huwelik in die meeste kringe as 'n gewone, eietydse verskynsel gesien word. Elke gemeente kan immers getuig van saamblyvennote wat toegewyde en ywerige lidmate of ampsdraers is. Nie álmal meen egter dat dit aanvaarbaar is nie. Die debat hieroor kan in sigself interessant wees.

So 'n verdraagsame benadering het uiteraard implikasies. Kan ons hierdie kinders doop? Die skrywers van die stukke meen oorwegend ja, mits die Kerkorde in ag geneem word. Die Doop word in die studiestukke voorts deur meer as een teoloog as los van die huwelik gesien. Dit het uiteraard ook bepaalde gevolge. Die huisgesin en lewens van die gesinslede behoort, eerder as strukture en gebruike, in die visier te wees. In die aanloop tot die 71ste AKV sal hierdie gesprek deur ouderlingevergaderings, ringskomitees en ander verder gevoer word.

Ander berigte

Dr Christo Pretorius skryf oor die stryd van miljoene Christene wêreldwyd om hul geloof uit te leef, en **ds Leon Geel** berig oor die moontlike toekoms van die Tussenkerklike Raad. **Dr Daan van Wyk (sr)** vertel van die unieke nalatenskap van wyle ds DF Erasmus en die unieke onderskeiding wat dr Elsabé Kloppers te beurt geval het om in die buiteland op te tree; sy is ook vroeër vanjaar in die uitvoerende komitee van die Britse Himnologievereniging benoem met die oog op die gesamentlike konferensie van alle internasionale Himnologieverenigings in 2015 in Cambridge, Engeland.

Daar is ook berigte oor Afrika as die kontinent met die meeste Bybels; ds Barnie van der Walt wat as lid van die Wêreldraad van die Wêreldbond van Bybelgenootskappe verkies is; Van der Hoff se prettige vergadering van 29 Julie; en die twee spesiale uitgawes van die *Tydskrif vir Hervormde Teologie (THT)* wat gedurende Augustus verskyn het.

Dr Wimpie van Schoor van Gemeente Primrose-Oos se oordenking handel oor gelukkige gesinsverhoudings en 'n toegewyde lewe.